**waarheid & dwaling**

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE — JAARGANG 6, NO 6, JUNIE 2000

## REDAKSIONEEL

# SILWERLIEFDE

Iemand wat kort gelede nog minister was, is weens korrupsie veroordeel. 'n Vooraanstaande man in die sportwêreld is openbaar verhoor. Die SAUK het daardie verhoor oor een van sy tv-kanale uitgesaai. Vanwaar die krieket-kaptein se korrupsie? Manne uit die weddenskap-wêreld het op hom toegesak. Hy kon nie standhou nie. Waarom nie? Hy het verklaar: 'Ek is lief vir geld'. Sonder om dit te weet het hy 'n woord in die Skrif byna letterlik aangehaal.

Hierdie woord staan in 1 Timoteus 6:10. Die Afrikaanse Bybelvertalings sê: 'geldgierigheid'. Die letterlike vertaling van die woord in die Griekse grondteks lui 'silwerliefde': Ek is lief vir silwer, vir geld.

Die konteks verduidelik wat die oorsprong en gevolge van hierdie kwaad is. 'Ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees' (verse 7-8). Wees tevrede met die lewensonderhoud wat God gee.

Silwerliefde ontstaan wanneer die mens God se gawes onvoldoende ag. Ontevrede teenoor die hemelse Vader, verkies hy of sy bo die hartlike dankbaarheid en tevredenheid 'baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang' (vers 9).

Die gevolge van silwerliefde? Dit is "n wortel van alle(rlei) euwels' (vers 10). Calvyn vermeld onder meer die volgende booshede wat uit silwerliefde voortspruit: bedrog, meinedigheid, aanvaarding van omkoopgeskenke, rowery, haat, doodslag. Omdat sommige uit liefde vir geld leef, 'het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor' (vers 10).

Silwerliefde is wesentlik afgodery. Geld word verhef tot 'n god, tot 'n nuwe heer. 'n Mens kan nie die nuwe heer en sy God tegelyk liefhê nie. Christus verkondig in sy bergrede (Matteus 6:24): 'Niemand kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en Mammon dien nie!'

Mag die twee bogenoemde regsgedinge 'n middel wees in die hand van onse God om die betrokkenes reg te ruk, te laat terugkeer tot sy diens. En mag hierdie droewige gebeurtenisse vir al God se kinders bakens in die see wees. In dieselfde hoofstuk van die bergrede roep die Here Jesus ons op om eers die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek. Die lewensonderhoud? Al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word, want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het (verse 32-33).

Die kragtigste wapen teen alle sonde, ook teen die kwaad van silwerliefde, is die gebed. Wat die lewensonderhoud betref, bid Agur: 'Twee dinge vra ek van U; onthou dit nie aan my voordat ek sterf nie: Hou valsheid en leuentaal (makkers van silwerliefde) ver van my af; gee my nie armoede of rykdom nie; laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die HERE? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie' (Spreuke 30:8-9).

Hierdie bidder bid vanuit 'n hart wat tevrede is met alles wat hom uit die hand van sy Vader toekom.

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

1 **Redaksioneel** *Silwerliefde*
1 **Skrifoordenking** *Wyn (4)* Ds SJMS Smit
3 **Fokus** *Die Heilige Skrif en die Evolusieteorie* Dr JD du Toit (Totius)
4 **Op die Kerkerf** *Die Ryksentrum* Dr JG Meijer
7 **Aktueel** *Gods lot bespot* Ds GJ Meijer
9 **Mediese etiek** *Hulp by selfdood deur dokters* Dr JM Boon
11 **Persskou**
- *Jeugsorg kontra JV?*
- *Die Belharbelydenis*
- *Die Tussen Kerklike Kommissie (TKK)*

Ds GJ Meijer

## SKRIFOORDENKING

# Wyn (4)

**Ds SJMS Smit,** Oos-Moot

*Lukas 22:20*

**'Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.'**

Hoe het die wyn op die nagmaaltafel beland en watter betekenis het dit?

Ons het in die eerste plek gesien dat die wyn openbaring- en kultuurhistories op die *pasgatafel* beland om die mens op te vrolik oor die *seëninge* van die ou verbond, die ou verbond wat in die bloed van die besnydenis beseël is.

In die tweede plek het ons gesien dat hierdie wyn van die pasgatafel op die *nagmaaltafel* beland met die opdrag van Christus: Neem, *drink almal daaruit*.

In die derde plek het ons behandel dat Jesus, die ware wynstok, tussen die pasgawyn en die nagmaalwyn kom staan, en met 'n *wynwonder*

op die bruilof te Kana openbaar dat daar by Hom wyn in *oorvloed* is, dat ons in Hom ons smarte kan kom versoet.

Ons kyk nou na die betekenis wat die beker wyn kry, as Jesus dit op die pasgatafel onderskep en in nagmaalwyn verander. As Hy die groot ware wynwonder doen waarvoor sy Vader Hom na hierdie wêreld gestuur het.

## Pasga en nagmaal

Lukas beskryf duidelik dat Jesus die nagmaal (voor sy kruisdood) tydens die pasga ingestel het. As Hy die instellingwoorde van die nagmaal uitspreek, staan Hy met die pasgabeker in sy hand. 'n Beker vol betekenis.

Net soos Jesus op die bruilof te Kana die Joodse reinigingkanne van die ou verbond omskep het in feeskanne van die nuwe verbond, onderskep Hy die tekens van die pasga en omskep Hy dit in tekens van die nagmaal. Die instelling van die nagmaal staan tussen pasga en ... die vervulling van dit waarheen die pasga vooruit gewys het, tussen die ou verbond en die nuwe verbond, tussen die bloed waarin die ou verbond verseël is en die bloed waarin die nuwe verbond verseël is. Die nagmaal is nie 'n sakrament wat nuut, los van die pasga, ingestel is nie. Die nagmaal wys terug na dit waarheen die pasga vooruit wys, naamlik die kruisdood van Christus, die Lam van God.

Die twee Ou Testamentiese verbondtekens, die besnydenis en die pasga, kom albei met Christus se kruisdood tot 'n einde. Dit is in sy kruisdood vervul. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs stel dit vir ons baie duidelik. Die eerste testament, die ou verbond, was met bloed ingewy. Hierdie bloed was slegs 'n afbeelding van die ware dinge, die bloedstorting van Christus aan die kruis. Toe het Hy die nuwe verbond in sy bloed beseël. Die bloedvloeiing by die besnydenis (waarmee die ou verbond in die vlees beseël is) het met Christus se bloedvloeiing aan die kruis in vervulling gegaan; net so het ook die slag van die paaslam met Christus se offer aan die kruis in vervulling gegaan.

## Die beker van danksegging

Wat nou so belangrik is, is dat die derde beker, die beker van danksegging van die pasga, juis dié beker was waarmee Israel God gedank het vir die pasgabloed en die besnydenisbloed. Met hierdie beker, die derde beker waarmee Christus in sy hand staan as Hy die nagmaal instel, het die pasga-vierders God gedank vir die ou verbond wat in die besnydenisbloed beseël is, en wat as inhoud gehad het die pasgabloed waarmee God by hulle verbygegaan het, sodat hulle pasga kan vier, as sy uitverkore volk.

Dit was by uitstek Israel se rede vir feesvreugde in die ou verbond.

Dit is hierdie beker wat Jesus tydens die pasga onderskep. Hy sê daarby vir die pasga vierende dissipels: Hierdie beker van danksegging is nie langer meer dankbaarheid oor die ou verbond nie; die rede vir blydskap en dankbaarheid is nie langer geleë in die bloed van die besnydenis of die bloed van die paaslam wat die eerste keer aan die kosyne in Egipteland gesmeer is sodat julle die plae van God en die dood kon vryspring nie. Nee ... hierdie beker, die rede vir julle blydskap, die troos, die verkwikking van jou vermoeide siel, die versoeting van jou smart, die rede vir vrolikheid, die rede vir dankbaarheid ... is die nuwe testament in my bloed.

'n Nuwe verbondverhouding wat nie in besnydenisbloed beseël is nie, maar met die bloed van die Hoëpriester en Lam van God (tegelyk) beseël is, toe Hy as offer aan die kruis gesterf het, God se heilige wyn laat vloei het ... So is ons met sy bloed in 'n nuwe verbondverhouding tot God gestel.

Hierdie beker, ons rede vir feesvreugde, danksegging, verkwikking ... is die nuwe testament wat in die bloed van Christus beseël is.

## Beker: gemeenskap

Christus het nie bedoel die wyn word sy bloed of die beker is die testament nie. Hy het wel bedoel: Hierdie beker, die *rede* hoekom die gelowiges dit oplig en almal daaruit drink, en bly is, vrolik is, vertroos is, is die nuwe testament in my bloed ... wat gestort is oor julle.

Oor julle: as gevolg van julle en ter wille van julle.

Oor julle - as gevolg van julle. Julle het verdien om daar aan die kruis te sterf, vir julle sondes.

Maar ook oor julle - ter wille van julle - sodat julle in 'n nuwe verbondverhouding met God mag staan en mag lewe. God gee ryke verbondbeloftes van die ewige lewe en sy koninkryk as erfdeel. Wie dit gelowig aanvaar, mag lewe in die hoop om van die vrug van die wingerdstok te drink, aan die bruiloftafel van die Lam.

Dit is my bloed - oor julle gestort.

Hierdie beker kan ons nou oplig, met vrolikheid en feesvreugde, met dankbaarheid en troos ... omdat ons nou in 'n nuwe verbondverhouding tot God staan, kragtens 'n nuwe testament, danksy Christus se bloed wat Hy gestort het, oor ons.

Oor my.

As ons hierdie beker, die derde beker van die pasga, die enigste beker van die nagmaal - as ons hierdie beker ontvang en met mekaar deel en almal daaruit drink, in opdrag van Christus en in die geloof drink, dan kan ons seker wees van ons gemeenskap met Christus, die Lam van God. Dan kan ons verseker wees dat sy bloed vir al ons sondes gestort is ... en verseker weet dat net soos ons vermoeide liggame met wyn verkwik en ons smart versoet, met wyn versoet word in *hierdie lewe*, so seker verkwik sy bloed ons vermoeide siel vir die *ewige lewe*.

Hierdie beker wat op die nagmaaltafel beland het as die derde beker van pasga, die beker van danksegging wat Jesus onderskep en met die groot ware wynwonder in die nagmaalbeker omskep het, en met 'n opdrag aan ons gegee het ... Hierdie beker loop oor, van die seëninge van die nuwe testament, beseël in die bloed van Christus, oor my.

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit
*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 70 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

# Die Heilige Skrif en die Evolusieteorie

**Prof JD du Toit** (Totius)

**Van ons kinders en sommige volwassenes in die kerk vra aangaande die oorsprong van die heelal: Wat is waarheid? Het God alle dinge geskep soos Hy in Genesis 1 en 2 openbaar? Of het die heelal deur 'n proses van evolusie tot stand gekom? Bybel of 'wetenskap'? As ons die 'wetenskap' moet volg, mag ons dan die skeppings-verhaal as 'n mite, 'n fabel beskou? 'n Artikel wat Totius omtrent 'n halwe eeu gelede hieroor geskryf het, bly aktueel en word daarom weer gepubliseer.[1]**

## Genesis 1 en 2 - fondament van die Skrif

*Die leer van die skepping deur 'n kraguiting van die wil van God is die grondslag waar die Christendom op gebou is, terwyl die dogma van 'n eindelose wording afkomstig is uit die heidendom en weer na die heidendom teruglei.*

Die leer dat God die Here Skepper is van hemel en aarde bevat die volgende momente:

(a) God het die wêreld nie geskep 'uit niks' in absolute sin nie (soos die rabbyne geleer het), maar terwyl niks bestaan het nie, het Hy geskep deur sy almag, wil en wysheid (vgl. Op 4:11; Rom 4:17; Heb 11:3). Die argument dat 'uit niks niks kan voortkom nie', is dus 'n wapen wat nie teen die Christendom gebruik kan word nie.

(b) Die begrip skepping sluit uit dat die mens by die skeppingsdaad van God aanwesig was, sodat ons daar niks van kan weet nie, tensy dit vir ons *geopenbaar* is.

(c) Sonder skepping as uitgangspunt is alle godsdiens in die sin van die Heilige Skrif ondenkbaar; eers deur die belydenis dat God *Skepper* en die mens *skepsel* is, verkry die aanbidding sy vaste en suiwere grondslag.

Teenoor hierdie belydenis wat aan Israel geopenbaar is, staan die natuurlike mens met sy leer dat daar 'n *wordingsproses* is waaraan alle dinge hul ontstaan te danke het. Belangrik is hierdie opmerking van dr A Noordtzij: 'In 'n heeltemal ander wêreld kom ons sodra ons kennis neem van wat buite Israel oor die wording van die wêreld gedink is. Hier is eintlik van skepping geen sprake nie, maar staan ons voor 'n proses van wêreldwording, waarvan die wording van die gode 'n deel uitmaak'.

Dit is dan ook opmerklik dat Assiries, die magtige kultuurtaal van die oudheid, geen woord het vir 'skep' in die Bybelse sin van die woord, 'n werkwoord wat uitsluitend gebruik word vir die goddelike skeppingsdaad nie.

Op die standpunt van wêreldwording staan ook die evolusie; en, onder wisseling van voorstelling, sal die mens daarby volhard, solank as hy die Openbaring van God verwerp.

## Skepsels se 'verwantskap'

*Daar is volgens die Heilige Skrif samehang en verwantskap tussen aarde, plant, dier en mens. 'n samehang en verwantskap só innig as wat die evolusiedogma dit maar kan begeer, en dit is op hierdie wortel dat die evolusieteorie as woekerplant so welig groei.*

Bedoelde samehang en verwantskap blyk uit die volgende gegewens wat aan die eerste hoofstukke van Genesis ontleen word:

(a) Die mens heet in die grondtaal van die Ou Testament: *adam*, en die aardbodem of grond waaruit sy liggaam gevorm is: *adamá*. In die woorde self lê dus die verband tussen 'mens' en 'aarde' vas.

(b) Dit geld ook van die ander skeppingsdinge. Dieselfde Skepper laat uit dieselfde oerstof (Gen 1:1), deur sy skeppingswoord, voortkom gras, plante en bome (1:11) sowel as see- en landdiere (1:20,24).

(c) Nouer is die verwantskap as daar sprake is van die vee, kruipende en wilde diere enersyds, en die mens andersyds. Dit blyk (1) uit die benaming *siel* wat nie net op die mens van toepassing is nie (2:7), maar ook op die dier (1:21,24); en (2) uit die feit dat God die landdiere saam met die mens op dieselfde dag geskep het (1:24-26).

(d) Ook die hoogs belangrike stuk van die voeding wys op die samehang van plant, dier en mens: laasgenoemde moet gespysig word deur die plantelewe wat uit die aarde spruit (1:29,30).

So tree die skepping in sy pragtige eenheid voor ons - 'n wye terrein waarop die wetenskap werksaam kan wees, as hy hom maar wil laat bind deur die ordinansies van die Skepper en nie dié terrein wil uitbuit om die Skepper te onteer nie!

## Voeg nie saam wat God skei nie

*Naas hierdie alles omspannende eenheid het God in sy skepping ook grense en onderskeidings vasgelê wat die mens moet eerbiedig. Ons mag nie skei wat God saamgevoeg het nie; maar ons mag ook nie, met die evolusieteorie, saamvoeg wat God geskei het nie.*

Ook in hierdie opsig spreek die skeppingsverhaal in duidelike taal, soos uit die volgende kan blyk:

(a) Op die eerste drie dae maak God skeiding tussen lig en duisternis, hemel en aarde, land en see (Gen 1:3-10).

(b) Verder skep God elke ding *'volgens soort'*, iets wat só belangrik is dat dié uitdrukking nege keer in die eerste hoofstuk van Genesis voorkom. Die Hebreeuse woord vir 'soort' word deur König in sy Woordeboek en Kommentaar op Genesis vertaal met *species*, wat seker die kenmerkende eienaardigheid van elke ding duidelik aangee. Sikkel merk op: 'God skep dus *die grondsoorte*. En Hy skep daarin die afgeleide soorte'. Hier veral is dit dat die evolusieteorie, wat die oorgang van die een soort in die ander leer, in konflik kom met die uitspraak van Gods Woord.

(c) Ten opsigte van die mens sê die Heilige Skrif nadruklik dat sy siel van hoër formering is as dié van 'n dier: die mens is geskep na die beeld van God (Gen 1:27). Al word sy liggaam uit die aarde gevorm en al is daar verwantskap tussen sy siel en dié van 'n dier, dit is God self wat die asem van die lewe in sy neusgate inblaas (2:7).

Op grond van hierdie oorweginge veral moet die christen die evolusieteorie beskou as 'n ondermyning van die Skrifgesag en die christelike geloof.

[1] Totius. Die Heilige Skrif en die evolusieteorie, in sy *Versamelde werke* (rooi uitgawe), deel 6. Johannesburg: Dagbreek-boekhandel, 1961, pp. 241-244. Totius se verwysings na literatuur word nie in hierdie artikel oorgeneem nie.

## God alleen is Skepper

*Omdat die skeppingswerk van God 'n eenheid vorm, is daar samehang tussen die verskillende skeppingsdade wat daarin uitkom dat God telkens rekening hou met die bestaande stowwe en kragte, sonder dat dit ook maar iets verminder van die soewereine betekenis van sy skeppingsdaad.*

In sy voortgaande skeppingsdaad spreek God die bestaande dinge aan. In Genesis 1:11 staan daar: 'Laat *die aarde* voortbring grasspruitjies, plante' ensovoorts. In Genesis 1:20 sê God: 'Laat *die waters* wemel met 'n gewemel van lewende wesens.' In Genesis 1:24 netso: 'Laat *die aarde* lewende wesens voortbring volgens hulle soorte.'

Skynbaar is hier dus 'n ryk eksploitasieterrein vir die evolusioniste wat die ontwikkelingsteorie met die Skrif ooreen wil bring. Intussen is dit niks meer as *skyn* nie. Die 'aarde' en die 'waters' tree in genoemde Skriftuurplekke nie as medeskeppers op nie. Al is dit dat God met die bestaande stowwe en kragte rekening hou, Hy bly die soewereine Skepper en 'aarde' en 'waters' die onmagtige stof wat aan sy skeppingswoord gehoorsaam moet wees. Gòd is dit dan ook wat die *wese* en *soort* en *bou* van elke plant en dier deur sy skeppingsvrymag bepaal. Daarom staan daar in vers 11: 'En *God* sê, terwyl by die skepping van water- en landdiere dit nadruklik gesê word: '*God skep*' (vers 21) en 'God maak' (vers 25).

## Die Skrif en die evolusiedogma - onverenigbaar

*Die pogings wat aangewend word om die evolusiedogma met die Heilige Skrif te versoen, moet noodwendig op 'n mislukking uitloop, omdat Skrifleer en evolusieteorie wesenlik en in die grond onverenigbaar is.*

Dié onversoenbaarheid hoef insake die *meganisme* evolusie (die Darwinistiese voorstelling daarvan) nie nader aangewys te word nie. Ons volstaan met 'n sitaat uit dr A Kuyper se rede oor *Evolutie*. Hy sê: 'Die evolusie is ... 'n nuut opgekome geloof wat hom reëlreg teenoor die christelike geloof stel en nêrens anders as op die puinhoop van ons christelike belydenis sy tempel kan stig nie. ... En daarom moet ons verset in alle kringe teen daardie stelsel van die sonder doel meganies opgeboude kosmos gaan. Ons moet ons nie daarteen verdedig nie maar dit aanval. Die handboeke waarin dit ingesluip het, moet tersyde gelê word, en aan geen onderwyser wat dit leer, mag ons ons kinders toevertrou nie. Dit moet as die dodelike bakterie wat alle geestelike lewe kom verniel, mikroskopies nagespeur en uit elke plek van die weefsel van ons lewe geweer word.'

Maar ook as die evolusie voorgedra word as 'n meer organiese proses waaraan die 'skepping' van 'n 'oerkiem' voorafgaan (creative evolution), is hy 'n 'dodelike bakterie'.

Rev. JE Mercer, 'n voorstander van die bedoelde versoening, laat ons dan ook duidelik sien hoe gevaarlik hierdie nuwe verskyningsvorm van die evolusie is, as hy konkludeer en sê: 'Die begrip waartoe ons dus geraak, is van 'n wêreld in wording. Die skepping was nie 'n bepaalde gebeurtenis wat op 'n sekere tyd in die lewe van die Skepper plaasgevind het na verloop van 'n verbygegane ewigheid van alleen bestaan nie; dit is 'n gevolg van 'n skeppende werksaamheid wat, soos die wese van God self, ook ewig is.'

Dat hierdie beskouing onmoontlik akkoord kan gaan met wat die Skrif van ons aangaande die skepping as daad van God leer, is nie moeilik om te bewys nie.

Ten eerste sê die Hebreeuse woord *bara* (skep) self glad iets anders as wat Mercer en sy medestanders bedoel. Ter sake is hier die opmerking van dr Noodtzij: '*Hierdie bara het nooit die vierde naamval van die stof waaruit iets gemaak is, by hom nie*, waardeur onwillekeurig die onvergelyklike grootheid en mag van die goddelike werke geteken word.' Wie dus God se skeppende mag vasbind aan en afhanklik maak van wat voorhande is, sodat 'die voorgaande wesens geëer word as die *oorsaak* van wat volg, en in wat volg, gesien word die natuurlike *selfontwikkeling* van wat voorafgaan' - wie dit doen, kom met die skriftuurlike skeppingsbegrip in onversoenlike stryd. Wel het God by sy skepping van nuwe formasies telkens by bestaandes aangesluit, maar dan tog só dat Hy *sprekende en skeppende*, deur ingrypende skeppingsdade, die wêreld in aansyn geroep het. Die bestaande stof was onmagtig en het 'n 'potentia obedientialis' besit. Die Skrif verbied ons om die skeppingsdaad van God te verlaag tot 'n *wordende* wêreld'!

En as geargumenteer word dat by die wordingsproses van die dinge aangeneem word die werking van 'regstreekse dade van skeppende mag', dan antwoord ons *dat dit nie die sesdaagse skeppingswerk van Genesis 1 is waaromtrent die Skrif ons so 'n duidelike berig gee nie. Dit is iets anders.* Mercer spreek dan ook van 'n soort ewige skepping: 'skeppende werksaamheid wat soos die wese van God self, ook ewig is'.

Terwyl dan ook die christelike teologie, op slegs enkele uitsonderinge na, aan die letterlike, historiese opvatting van die skeppingsverhaal vasgehou het - so was dit nog omtrent 'n halwe eeu gelede (redakteur) -, kom die evolusioniste wat steun in die Bybel soek, en vervlugtig die berig aangaande die werk van God wat in ses dae afgeloop het, tot 'n eindelose proses van wording.

---

**OP DIE KERKERF**

# TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KONINKRYK (3)

# DIE RYKSENTRUM

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Onse Koning, God die Here, is in *beheer* en Hy *regeer*. Die *Beheerder* lei ons tot gelowige aanvaarding van sy dade in voor- en teenspoed. Ons vertrou op Hom met die oog op die toekoms.[1] Hy laat immers vir hulle wat Hom liefhet, alles ten goede meewerk.[2] Die Here wat *regeer*, roep ons tot onderwerping, gehoorsaamheid. Hy skenk aan sy onderdane die heilsame grondwet en ander wette van sy koninkryk. Tot onderhouding daarvan.[3] Wat moet ons doen om die wette van onse Koning te ken en uit te voer, konkreet in ons lewe hier en nou? En wat is die roeping van die kerk in die koninkryk van God?**

Die eerste keer wat die Here Jesus oor sy kerk praat, bring Hy ook die koninkryk van die hemele ter sprake. Dit gebeur in sy reaksie op Petrus se belydenis. 'Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente (my *kerk*) bou ... En Ek sal jou die sleutels van die *koninkryk* van die hemele gee.'[4] Die kerk ontvang opdrag om die sleutels van die hemelryk te hanteer. Kerk en koninkryk hang dus onlosmaaklik saam.

Die sleutels wat die kerk hanteer, maak die koninkryk oop en sluit dit toe. Die twee sleutels wat die Here aan sy kerk gee, is die skriftuurlike bediening van die Woord en die sakramente, asook die christelike uitoefening van die tug. Let wel: Nie slegs die kerk nie, maar die hele koninkryk word oopgemaak en toegesluit.

Die kerk word in sy koninkryk-diens geroep om die Here te volg. Hy het voorgegaan in die prediking van die koninkryk. Toe Hy by al die stede en dorpe in Israel rondgegaan het, het Hy orals in die sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig.[5] Ook die apostels het die koninkryk gepreek. In die oorsig van sy prediking in Tessalonika vermeld Paulus onder andere hoe hy 'betuig het dat julle waardiglik moet wandel voor God wat julle tot sy *koninkryk* en heerlikheid roep'.[6] Gods Woord wat die kerk verkondig, word deur Christus kortweg getipeer as 'die woord van die koninkryk'.[7]

Christus verhef sy kerk tot sy *ryksentrum* op aarde. Die grondreël 'soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid'[8] geld nie slegs vir die lidmate nie, maar ook vir die ampsdraers in prediking, huisbesoek, ja in al hulle amptelike werk. Die wette van die koninkryk behoort 'n uiters belangrike plek in die amptelike arbeid in te neem. Ons gee hier veral aandag aan die plek van die rykswette in die erediens.

## Afkondiging van die grondwet van die koninkryk

Die tien woorde van God word elke Sondag tydens een van die eredienste afgekondig. Waarom? Die tien gebooie is die grondwet van die koninkryk. Die kerk volg die voorbeeld wat Moses by sy afskeid gestel het. Die boek Deuteronomium bevat sy geïnspireerde afskeid-preek. Na die weergawe van die tien gebooie (die grondwet) in hoofstuk 5 volg die ontvouing van die grondwet in talle rykswette. Die bedoeling met die telkens herhaalde afkondiging van die grondwet in die eredienste is om die kerkvolk steeds meer na sy Hoof, Koning Christus, te laat opgroei.[9] Hoe verloop hierdie groeiproses?

*Die grondwet - die spieël*

Die Here hou in sy wet eerstens die spieël aan sy volk voor. Sy grondwet is die helder spieëlglas. Wie gelowig in die spieël kyk, sien homself in die lig van die wet. Wat word ontdek? Sondige dade en nalatigheid. Wat van die verkeerde gedagtes wat in my opgekom het? Die Here beoordeel my sondige gedagtes as sondige werke. 'Elkeen wat sy broeder haat (in sy gedagtes), is 'n moordenaar' (daadwerklik).[10] Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer (in gedagtes), het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg' (daadwerklik).[11]

Sonde word nie anders as in die spieël van God se wet ontdek nie. 'Deur die wet is die kennis van sonde.'[12] 'Ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.'[13]

Elke sonde maak my skuld by die Wetgewer groter. As Hy sonder meer sy volk sou oordeel - wie kan bestaan? Skuldbesef bring ons op die knieë, dryf alle hoogmoed uit ons uit, maak ons klein, nederig voor God, en bring tot die gebed: Regverdige Here, wees u volk genadig.

*Die grondwet en die Plaasbekleër*

Die grondwet - die spieël waarin elke gelowige sy en haar kwaad ontdek - se aanhef lui: 'Ek is die HERE, jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het'.[14] God het sy sondige volk bevry. Waarom? Hy het geen rede in die volk gevind om hulle te bevry nie. Hulle is onder die ou verbond reeds op grond van Christus se verdienste uit Egipte, die slawehuis, uitgelei.

Die Heiland is die eerste en enigste mens wat God se grondwet op aarde volmaak volbring, met 'n hart wat van liefde vir die Vader brand. God laat Hom, in sy twisgeding met die wêreld, as Plaasbekleër optree. Dit wil sê: Daar vind in God se hofgeding met die wêreld 'n ruilhandel plaas. Die Here, die Regter, plaas die skuld van sekere mense oor op die rekening van Christus. En Hy reken Christus se volmaakte lewenswandel aan hulle toe. Die Heiland betaal hulle skuld. Hy dra hul ewige straf weg deur in hulle plek die ewige dood aan die vloekhout te ondergaan.

Wie is dié mense wie se skuld betaal is? Almal wat in Christus, hulle Plaasbekleër, glo. 'Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie.'[15] Die gelowiges is van dood en sonde bevry. Christus se soenverdienste, sy betaling van hulle skuld, maak hulle onuitspreeklik dankbaar.

*Die grondwet - die rigsnoer*

Kinders van God wat skuldbewus en nederig in die spieël van sy wet kyk, wat dankbaar die volmaakte Christus in die spieël sien en in Hom glo, ontvang ten slotte die grondwet van die koninkryk as rigsnoer vir hul lewe. Hulle verlustig hulle in die wet van God.[16] Die grondwet reël hul lewe wat die Here deur Christus van sonde en dood vrygemaak het. Die gelowiges begin - ten spyte van oorblywende sonde - met 'n ernstige voorneme 'om . . . volgens al die gebooie van God te lewe'.[17]

Die afkondiging van die grondwet in die erediens bring die drie dele van die Heidelbergse Kategismus onder ons aandag. In die wet as spieël sien ons hoe groot ons *sonde* en ellende is. In die aanhef van die wet hoor ons die *verlossing* in Christus. En in die wet as rigsnoer ontvang ons die reël vir ons *dankbare*, heilige, aan die Here toegewyde *lewe*.

Gelowig luister na die grondwet laat ons voortdurend opgroei na ons Hoof, ons Koning.[18]

## Verkondiging van die rykswette

Die Here skenk in sy Woord, behalwe die grondwet, ook talle ander wette vir die lewe in sy koninkryk.

---

[1] HK, antw. 28.
[2] Rom 8:28.
[3] Sien laas maand se artikel in hierdie rubriek.
[4] Matt 16:18-19; vgl. HK, Sondag 31.
[5] Matt 9:35; vgl. onder meer Matt 13 (Christus se prediking van die koninkryk in gelykenisse).
[6] 1 Tess 2:12.
[7] Matt 13:19.
[8] Matt 6:33.
[9] Ef 4:15
[10] 1 Joh 3:15.
[11] Matt 5:28.
[12] Rom 3:20.
[13] Rom 7:7.
[14] Deut 5:6.
[15] Joh 3:18.
[16] Rom 7:22; vgl. onder meer Ps 1; 119.
[17] HK, antw. 114.
[18] Ef 4:15.

*Wette vir die hele lewe*

God se wette raak die hele lewe, in alle sektore. Die Koning soek in al hul doen en late die harte van sy volk. Op die vraag 'wat is die groot gebod in die wet' antwoord Hy: 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete'.[19]

Christus sê nie: Die twee groot gebooie *vervang* die wet en die profete nie, maar: daaraan *hang* die hele wet en die profete. Die liefde tot God en die naaste funksioneer as die skarniere van die 'wet-deur'. 'n Kinderhand kan 'n deur met gemak oopmaak as die skarniere goed geolie is. Vasgeroeste skarniere daarenteen maak die deur stram. Die Heiland stel die liefdesgebod sentraal. Dit is onmoontlik om enige rykswet sonder liefde vir die Here en die naaste te betrag.

Die Here het die laaste wette van sy koninkryk omtrent tweeduisend jaar gelede bekend gemaak. Die vraag kom na vore: Hoe moet ons in die 21ste eeu ooreenkomstig dié wette lewe? Hoe moet ons ampsdraers die rykswette verkondig? En hoe moet hulle die gemeente tydens huisbesoeke en in ander amptelike arbeid daaraan bind? Kortom: Hoe moet die voorgangers die heiliges só toerus dat hulle *in alles*, in die hele lewe, na Hom wat die Hoof is, kan opgroei?[20]

*Die ryksentrum is 'n werksentrum*

Om die hierbo gestelde vrae skriftuurlik te kan beantwoord moet ons eers ander, grondliggende vrae oordink soos onder meer

- Wat bepaal die Here omtrent die geldigheid van die mosaiese wette vir sy volk in die nuwe bedeling?[21]
- Hoe moet ons Israel, 'n veral agrariese volk, se wette in 'n tegnologiese en industriële samelewing toepas en nalewe?
- Hoe moet ons wette wat aan Israel in *afsondering* van die heidense nasies gegee is, as volk van God *midde-in die wêreld* ter harte neem en betrag?[22]
- Watter verskille tussen die volk van God in die ou en die nuwe bedeling moet by die uitlê en toepassing van wette in gedagte gehou word?

Om hierdie en ander vrae skriftuurlik te beantwoord, vereis groot inspanning van ons voorgangers: Afsonderlike en gesamentlike Skrifstudie wat gepaard gaan met gebed, ook met voorbidding deur al die heiliges. Christus se ryksentrum op aarde is 'n werksentrum. Die resultaat van die intense oordink van die Skrif met die oog op vandag se volk van God? Die norme van die Woord word vir die hele lewe gepreek. Die volk van God leer om alles, alles te onderhou wat die Heiland hulle beveel het.[23] In die eredienste word die grondwet afgekondig en die rykswette al hoe meer en al hoe duideliker verkondig.

Die Here waarsku sy volk teen prediking wat tot die verkondiging van die fondament beperk bly. Sulke prediking verskaf melkkos. 'Elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir die volwassenes, vir dié wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei. Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan.'[24] Christus wil nie hê sy volk kan deur melkkos ondervoed raak nie. Waar sy kerk tot 'n werksentrum ontwikkel, getuig die inhoud van die preek van die predikant se diepgaande worsteling om die Woord te verstaan. Die kerkvolk luister gespanne. Die heiliges wil toegerus word om *in alles* na Hom, die Hoof, op te groei. Ware gelowiges soek geen melk nie, maar vaste spys.

## Twee dwalings

Hoekom verstaan ons nie die wette van die koninkryk vir die hele lewe nie? Hoekom het daar vanuit die gereformeerde kring in ons land tot dusver geen christelike dagblad, slegs enkele christelike ouerskole, geen werklik christelike politieke party, geen christelike vakorganisasie ensovoorts ontstaan nie? Hoekom bly die geloofslewe hoofsaaklik tot kerklike aktiwiteite beperk? Twee wyd vertakte dwalings ontken die geldigheid van God se wette vir die hele lewe. Waar hierdie dwalings posvat, verdwyn die binding aan God se Woord in alles, in die hele lewe, buite die gesigsveld.

*Sondag-christendom*

Die eerste dwaling *loën die geldigheid van God se rykswette vir die hele lewe*. Hierdie geldigheid word op verskillende maniere misken. Die een groep beperk die lewe van die geloof tot die innerlike lewe van die mens (onder meer die Wederdopers en ander spiritualistiese groeperings). Hulle skei (in navolging van die Roomse leer) natuur en genade. Die natuur is die laer, sondige terrein. Politiek, vakbond, daaglikse werk, wetenskap ensovoorts is natuurlike sake waaroor die Here geen seggenskap uitoefen nie. As die gesindheid van die mens reg is, het die Koning sy doel bereik. Die hele lewe? Dit behoort volgens hierdie dwaalgeeste tot die bose, sondige wêreld.

Die tweede groep dwaalleraars beskou die koninkryk van God òf as 'n toekomstige werklikheid (esgatologiste) òf as 'n werklikheid wat buite die horison van ons gewone daaglikse lewe val (die Barthiane). Hulle loën die evangelie van die Heilige Gees wat in die kerk en in die harte van die gelowiges woning maak en wat so kragtig deur die Woord in hulle werk dat hulle hul hoe langer hoe meer in die hele lewe aan die Koning onderwerp.[25]

Die bogenoemde groepe dwaalleraars beroep hulle op die Skrif - soos elke ketter sy letter het. Die Here sê tog self: 'Die koninkryk van God is binne-in julle'[26] en: 'Bedink die dinge wat daarbo, nie wat op die aarde is nie'!?[27] Hulle voer hierdie en soortgelyke tekste uit die Skrif aan om met klem te beweer: 'Hier beneden is het niet. Die wêreld waarin ons lewe, is die wêreld onder God se gerig. Gelowig daarin werksaam wees is onmoontlik'.

Die loëning van die geldigheid van God se rykswette, vir ons hele lewe, behels die prysgee van die hele lewe aan verwêreldliking. Mense wat hierdie dwaling aanhang, bekommer hulle nie oor die diens aan ons Koning in wetenskap, kuns, politiek, vakorganisasie, daaglikse werk, kortom: in die hele lewe nie.

Wat van die Bybeltekste wat hulle aanhaal om hul dwaling te verdedig? Christus sê aan die adres van die Fariseërs, sy teenstanders: Die koninkryk is in julle midde. Die Koning staan immers in hulle midde. Die koninkryk is allermins binne-in hulle wat die Heiland verwerp en gaan kruisig. En die oproep om die dinge daarbo te bedink gaan uit na die kerkvolk op aarde. Ons moet hier, in ons lewe van elke dag, bedink wat

[19] Matt 22:37-40.
[20] Ef 2:12, 15.
[21] Sien onder meer NGB, art. 25.
[22] Hierdie en die vorige vraag is reeds in laas maand se artikel in hierdie rubriek gestel.
[23] Matt 28:19.
[24] Heb 5:13-6:3.
[25] Vgl. HK, Sondag 48.
[26] Luk 17:21.
[27] Kol 3:2.

Christus wil, Hy wat aan die regterhand van God sit. Doen die wet van die Koning daarbo in die lewe hier benede. Die Here roep ons nie tot wêreld-myding nie. Hy bid nie dat die Vader ons uit die wêreld wegneem nie, maar dat Hy ons van die Bose bewaar.[28] Sondag-christendom wat die lewe in die koninkryk tot 'n gesindheid van die hart beperk, lei tot diensweiering in die hele lewe. Diensweieraars vorm 'n struikelblok vir die koms van die koninkryk hier en nou.

*Skeiding van 'terreine' en 'kringe'*

Daar is in die geskrifte van dr A Kuyper twee leerstellings wat in die gereformeerde wêreld diep wortel geskiet het. Ek bedoel sy onderskeiding van die algemene en besondere genade en sy gedagtes oor 'soewereiniteit in eie kring'. Dit gaan hier *nie* oor goeie bedoelings van die leermeester en sy gelowige stryd rond die vorige eeuwisseling nie. Dit gaan *wel* oor navolging deur epigone wat - in stryd met Kuyper se bedoeling - sy ideë klakkeloos oorgeneem en selfs omvorm het.

Algemene en besondere genade: Die wêreld word in twee groot 'terreine' verdeel. Die 'terrein' van die besondere genade is die kerk; die 'terrein' van die algemene genade omvat alle lewensverbande en -verhoudinge buite die kerk. Die gedagtegang oor 'soewereiniteit in eie kring' sluit hierby aan. Elke 'kring' (owerheid, kerk, skool, werkkring ensomeer) het sy eie soewereiniteit. Die kerk is volgens hierdie standpunt slegs een van die talle samelewingsverbande.

Kuyper wil - in teenstelling tot die Sondag-christendom - in die hele lewe die Here dien. Maar hoe? Die kerk het die Woord en sy belydenis ooreenkomstig die Skrif. Die Woord en die belydenis word net vir die 'kerk-kring' as gesaghebbend aanvaar. Die Skrif en die belydenis het nie dié gesag in ander kringe nie. Daar geld 'Calvinistiese beginsels', moontlik vir elke kring sy eie beginsels.

Broeders wat hierdie leerstellings as 't ware ingesuig het, moet tog aandag aan twee dinge gee. Eerstens kan die kerk van Christus nie as 'n gewone samelewingsverband getipeer word nie. Die kerk word deur Christus self vergader. En Hy vertrou sy Woord aan die kerk toe om dit oor die hele lewe normatief te verkondig. Wie die binding aan die volledige Woord en die belydenis in die hele lewe ontken, onttrek talle sektore van die lewe aan Hom wat sy Woord-verkondiging verlossend daaroor laat skyn. Die skeiding van kerk en die hele lewe veroorsaak dat lidmate op huisbesoek sê: Ons wil nie praat oor die diens van God in die volle lewe nie. Die kerk het daarmee niks uit te waai nie. Buite die kerkmure lewe ons volgens Calvinistiese beginsels, nie ooreenkomstig ons belydenis nie. 'Soewereiniteit in eie kring' beteken: Ampsdraers het slegs kerklike gesag. Die verkondigde Woord in die kerk beheer nie die lewe nie.

So word - dit moet ons tweedens oordink - die lewe van die gelowiges gesplits. Die geloof wat hulle in die kerk bely, is nie net so van krag in wetenskap-beoefening, politiek, opvoeding van kinders in die skool, vakorganisasie, daaglikse werk ensovoorts nie. Daar geld 'Calvinistiese beginsels'. Hierdie verdeling tussen binding aan die leer van die kerk en binding aan 'Calvinistiese beginsels' kom nie ooreen met die belofte wat ons by die openbare geloofsbelydenis afgelê het nie. Ons het belowe om 'in hierdie leer (die leer van die Skrif soos die kerk dit bely) tot die einde van die lewe standvastig te volhard ... en hierdie belydenis met 'n godvresende lewe te bevestig'.[29] Op grond van ons belydenis mag ons nie 'n verkorting of afwatering daarvan in enige ' kring' van die lewe aanvaar nie.

Altwee bogenoemde dwalings verskuif die kerk na 'n hoekie van die samelewing. Die kerk is daar vir die innerlike lewe van sy lidmate; die grense van die gesag van die Woord word beperk tot die kerklike lewe. Sentrum van die koninkryk? Dit is die kerk nie volgens bogenoemde standpunte nie.

Mag die Here deur sy Woord en Gees bewerk dat gereformeerde kerke in ons land steeds meer sentrums van sy koninkryk word. Sentrums, van waaruit die rykswette verkondig word, tot reformasie van die kerke en tot reformasie van die christene se lewe in ons land.

Daar bly nog een vraag oor: Hoe moet die lidmate van die kerk die norme van die Skrif wat Sondag verkondig word, deur die week naleef? Wat moet hulle met die verkondigde Woord in die koninkryk van God doen? Hierdie vraag kom DV die volgende maand aan die orde.

[28] Joh 17:15.

[29] Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof, vrae 3 en 4.

---

**Aktueel**

# Gods lot bespot

**Ds GJ Meijer,** Wonderboompoort

**Die vraag na die reg of verkeerd van lotery het die laaste tyd weer besonder aktueel geword. Daar word 'n saak uitgemaak vir die voordeel wat owerhede uit die opbrengste van lotery kan trek. Welsynsorganisasies ontvang op 'n gereelde basis groot bedrae geld vanaf lotery-projekte: geld waarsonder hulle nie kan klaarkom nie. Vir menige landsburger is lotery 'n opwindende uitdaging. Aan die ander kant kan die negatiewe van lotery nie weggeredeneer word nie. Dit lei onteenseglik tot verarming van baie gesinne. Dit skep vir seker 'n gees van gemak en hebsug. Waarom hard werk as jy op 'n vinnige manier, sonder veel moeite groot geld kan wen?**

Die vrae rondom lotery hou nie op nie. Is dit verkeerd as 'n gelukkie jou so nou en dan tref? Mag 'n mens nooit vir die pret 'n Rand of twee op die staatslotery of in 'n casino waag nie? As dít nie mag nie - wat van krap-kaarte, wat van 'n boontjie-raai by 'n kerkbasaar, wat van die moontlikheid om 'n bees te wen as jy 'n R5,00-kaartjie koop, wat van al die speletjies wat met dobbelstene gespeel word? Dit is belangrik dat ons op al die vrae rondom lotery antwoorde kry. Nie vae, grys antwoorde, soos wat deesdae teveel gegee word nie - maar duidelike, reguit antwoorde. Met hierdie saak, soos met alle ander sake in die lewe, moet ons onsself voor God kan verantwoord. Ook hier geld die allesbeheersende doel van ons bestaan: Vader, laat U Naam geheilig word, laat U koninkryk kom, laat U wil geskied.

## Die Skrif oor die lot

In Jesaja 65 word 'n duidelike uitspraak oor die kwessie van lotery gemaak. Om die profetiese uitsprake in Jesaja 65 oor die lot en die noodlot reg te verstaan, is dit van belang dat ons eers sal weet wat met die lot in die geheel van die Bybel bedoel word.

Op verskillende plekke lees ons dat daar met die lot gewerk word. Uit die wetboek (Levitikus 16:8) leer ons hoe die beloofde land Kanaän deur die lot verdeel moet word. Elke stam in Israel erf 'n gedeelte van Kanaän. Deur die lot word bepaal watter stam watter erfdeel kry.

Soms word spesifieke persone deur middel van die lot aangewys. Agan, wat van die bangoed van Jerigo gesteel het, word deur middel van die lot as skuldige uitgewys (Josua 7). Jona word as die persoon op die skip uitgewys wat veroorsaak het dat daar 'n woeste storm op die see begin woed het (Jona 1:4). Ander kere word die lot gewerp om te verneem hoe daar opgetree moet word. Koning Dawid het by meer as een geleentheid gevra: Here, moet ons oorlog maak, moet ons die bende agternajaag - ja of nee? - dan word die lot daaroor gewerp (1 Samuel 23:9; 30:8).

In nog ander gevalle word die lot gewerp om vas te stel wie verantwoordelik sal wees vir die uitvoering van 'n bepaalde taak. Die lot het op Sagaria, die pa van Johannes die Doper, geval om in te gaan in die tempel van die Here om die reukwerk te brand. En in Handelinge 1 word vermeld dat die elf apostels ná Christus se hemelvaart die lot gewerp het om vas te stel wie in die plek van Judas gekies moet word om die apostelkring vol te maak. Die lot het toe op Mattias geval: hy het die 'lot van die apostelskap verkry'.

*Die resultaat van die werp van die lot is dat God sy beslissing in die saak gee*

Die metode waarvolgens die lot gewerp is, word nie altyd bekend gemaak nie. Ons leer wel uit Exodus 28:30 dat die HERE sy wil bekend maak deur middel van die Urim en die Tummim. Die Urim en Tummim was waarskynlik twee ewe groot klippies in die borstas van die hoëpriester. Wanneer die volk in uitsonderlike omstandighede na die wil van die Here vra, kan hulle die Urim en Tummim raadpleeg. Deur middel van een van die klippies wat die hoëpriester uit sy borstas uithaal, maak die HERE dan sy wil bekend.

## Goddelike beslissing

Al hierdie gegewens tesame gee 'n redelik volledige prentjie van wat die lot inhou. Die lot is 'n buitengewone beslissing van God wanneer daar nie op 'n ander manier tot 'n beslissing gekom kan word nie. Omdat dit buitengewoon is, moet dit uiters versigtig hanteer word. Ons lees nie verniet dat daar deurgaans ernstig gebid word voordat die lot gewerp word nie. Die Here, wat die harte van almal ken, word met eerbied genader en gevra om sy heilige wil bekend te maak.

Die resultaat van die werp van die lot is dat God sy beslissing in die saak gee. Daardie beslissing is absoluut deurslaggewend, dit is finaal. As die lot voor die aangesig van God gewerp word, is die uitkoms daarvan God se bestemde wil vir jou lewe, dit is 'jou lot'. Die grondgebied wat vir elke stam in die land Kanaän uitgemeet is, is hulle lot, hulle erfdeel vir ewig. Mattias se verkiesing en bevestiging in die apostelamp is sy lot, sy regmatige deel wat die Here vir hom uitgemeet en toegeken het. So ontvang elke gelowige kind van die HERE sy lot wat die HERE vir hom beskik.

Die HERE se opdrag is: Wees tevrede met jou lot, woeker daarmee. Moenie jou hand uitsteek na 'n ander mens se lot nie. Moet ook nie jou eie lot verwaarloos nie.

## Die lot in Jesaja 65

Die geheel van Jesaja 65 klink somber. Daar word talle oordele uitgespreek oor verbondskinders wat hulle rug op die HERE keer. Maar tog, tussen al die donker wolke deur skyn ook die son van God se onbeskryflike genade vir hulle wat Hom vrees. Tot sewe maal toe praat die HERE van 'sy knegte'. Dié 'knegte' is Israeliete wat erns maak met die HERE se wil. Hulle verlustig hulle in die lot wat die HERE vir hulle uitmeet. Die HERE noem hulle sy 'uitverkorenes' (vers 15). Hulle is die nakroos wat uit Jakob voortkom, wettige erfbesitters uit Juda (vers 9). Die lot wat die HERE vir hulle beskik, is oorweldigend. Waar hulle kort gelede nog onder die druk van ballingskap gebuk gegaan het, sal die Here sy knegte laat eet en drink en bly wees en laat jubel (verse 13 en 14). Op 'n eg Ou Testamentiese manier spel die HERE die heerlikheid van sy knegte se lot uit.

## Ons lot in Christus

In die Nuwe Testament sal dit vervul word, as Jesus Christus kom. Want dit is tog ten diepste die lot van die gelowige: dat ons met Christus een gereken word en aan al sy weldade deel mag hê. Ons is vervul met die Gees van Christus. Ons mag leef onder die heerskappy van Christus. Ons is Christus se mede-erfgename. Ons plek in die hemelse Kanaän is gewaarborg deur Hom wat sy lewe vir ons afgelê het. Dit is ons lot wat die Vader in sy onbegryplike genade en liefde vir sy uitverkore kinders uitmeet. By die sekerheid van daardie lot mag en moet ons vandag leef.

Baie dinge in die lewe is ontstellend, baie dinge maak seer. Baie dinge word van jou weggevat, baie dinge stel teleur. Daar is baie wat ons as gelowiges moet ontbeer, baie wat ons moet verduur. Baie dinge lyk 'nood'-lottig, rampspoedig. Maar nogtans weet ons: Ons erfenis, ons lot is vir ons mooi - want die meetsnoere het in Christus vir ons in lieflike plekke geval (Psalm 16). Die Here onderhou die lot van sy kinders, vandag en tot in ewigheid. Wat begeer ons meer as dit? Watter gemis van vandag weeg op teen die heerlikheid wat kom, teen die ewige lot wat ons in Christus het?

## Die lot bespot

In Jesaja 65 is daar egter ook sprake van mense wat 'n tafel dek vir die geluksgod. Hulle skink 'n mengsel vir die godin van die noodlot. In die Hebreeus word dié twee afgode se name genoem. Die geluksgod se naam is Gad, die godin van die noodlot heet Meni. Beide hierdie gode is tipies oosterse afgode. Wat die heidene betref is Gad en Meni in beheer van die mens se voorspoed en teenspoed. Daardie gode moet dus op enige denkbare manier gelukkig gehou word. Vir hulle moet daar geoffer word. By hulle vind jy uit wat jou toekoms inhou. Allerlei middele word ingespan om die god van die geluk en die god van die noodlot te raadpleeg. Voortekens word gelees, dooies word besweer, orakels word uitgespreek. Spesiaal gewyde afgodspriesters en waarsêers word slaafs nagevolg as hulle kwansuis in kontak met die gode kom en dan die wil van die gode aan die volk deurgee.

## Die noodlot voorspel

Vandag ken ons dié dinge nog steeds: Die sterre voorspel jou toekoms, 'n fortuinverteller kan op grond van die lyne in jou handpalm of die rangskikking van teeblare in 'n koppie vir jou vertel wat jou te wagte is. Onder die swart volke moet die mag van toordokters wat dolosse gooi en vloeke uitspreek nie onderskat word nie. Al hierdie dinge kom neer op aanbidding van die geluksgod en die noodlotgod - asof die stomme afgode die lot van die mens bepaal.

Maar wat alles in Jesaja 65 soveel ernstiger maak, is dat die mense wat aan al hierdie dinge meedoen, nie heidene is nie. Dit is Israeliete, verbondskinders, kerkmense. Mense wat die enigste ware God ken. Húlle wy hulle lewe aan die afgode.

## Goddelike aanklag

Die HERE kla die verbondbrekers oor hulle verbondbreuk aan: Ek het My laat raadpleeg deur mense wat na My nie gevra het nie. Ek het My laat vind deur mense wat na My nie gesoek het nie. Ek het gesê: hier is Ek, hier is Ek - vir mense wat my Naam nie genoem het nie. Ek het my hande die hele dag uitgebrei na 'n opstandige volk.

Van sy kant het die HERE sy oneindige trou en liefde aan sy verbondsvolk bewys. Maar wat doen 'n groot deel van die volk? Hulle loop agter hulle eie gedagtes aan. Hulle offer vir die stomme afgode van die heidene. Hulle speel 'n spel met die bose geeste in die lug. Hulle terg die HERE deur onrein kosse te eet. Hulle soek hulle geluk buite die HERE hulle God. Hulle reken dat hulle lot, hulle erfdeel, hulle toekoms, deur afgode beheer word. Welbewus roep hulle die lewende God vaarwel toe, en hulle soek hulle heil by dooie mensemaaksels.

## Die oordeel gevel

Die gevolg hiervan is baie ernstig. Let op die lot, die verdiende loon, wat die HERE vir verbondbrekers uitmeet: Ek sal julle bestem vir die swaard, julle sal almal buig om geslag te word (vers 12). My knegte, wat op my sorg vertrou, sal eet en drink. Maar julle wat my verbond breek deur op die noodlot te vertrou, sal honger en dors ly. My knegte, my troue verbondskinders wat My van harte dien, sal bly wees en jubel. Maar julle wat julle hart aan die geluksgod verpand, sal beskaamd staan - julle sal skreeu van pyn en huil deur verbreking van gees. My knegte wat hulle lot dankbaar uit my hand ontvang en geniet, sal gelukkig en tevrede wees; maar julle wat my lot verwerp en julle lot van die geluk afhanklik maak, sal altyd ongelukkig en onvergenoegd wees (vers 13).

## Duur les

Die saak word in Jesaja 65 uiters skerp gestel - tereg, vir ons tot lering. Laat dit vir ons 'n blywende lering wees! Want die geluksgod en die godin van die noodlot mag dalk in hulleself morsdood wees - in die harte van baie mense is hulle springlewendig. Ons is terug by die 'klein gelukkies' wat mense te beurt val. Ons praat nou weer oor staatslotery en die krapkaarte, die boontjie-raaie, die slotmasjiene, die gelukkige-nommerkompetisies. Die spilpunt waarom al hierdie aktiwiteite draai, is die geluksfaktor. Jou wins hang suiwer af of die wiel reg draai, of jou gelukkige nommer getrek word. In die terme van die heidene: dit hang af of die geluksgod met jou is.

## Dryfveer?

Wat is die groot bron van inspirasie vir al die verskillende vorme van lotery en dobbelary? Hoekom is dit dat die bevolking tot aksie omgekoop moet word met een of ander vorm van kompetisie? Hoekom kan jy geen samewerking van watter aard ook al verwag, as daar geen kompetisie, geen wenkans is nie - hoekom? Die antwoord hierop is eenvoudig: Dit gaan oor geld. Mense is bereid om 'n minimum inset te lewer, en jy staan die kans om 'n maksimum prys te wen. Jy sal R2,50 vir die staatskas skenk, maar met die voorwaarde dat jy die kans het om die boerpot van R8 miljoen te wen. Jy druk 3 muntstukke aan hierdie kant van die masjien in, maar jy verwag 'n duisend of honderdduisend of miljoen ander kant uit. Geld, vermeerdering van besittings: dit is die dryfveer agter al wat kompetisie en lotery is.

## Lot versus lot

Dit is net hier waar al die verskillende lyne uit die profesie van Jesaja saamtrek. Die HERE het vir elkeen van sy kinders sy regmatige lot uitgemeet. In Christus is ons lot onmeetlik kosbaar. Ons het die ewige lewe. Dit is ons grootste erfenis. Maar ons het ook besittings: geld en huis en motor - dit is ons erfenis, ons lot aan die duskant van die graf. Die Vader beveel ons: My kind, wees gelukkig met jou lot. Werk daarmee in volle verantwoordelikheid.

Maar wat is die sondige neiging van die mens? Om nie gelukkig en tevrede te wees met dit wat God as lot vir jou bestem nie. Om nie jou Godgegewe lot sorgvuldig te bewaar en oordeelkundig daarmee te werk nie. Hierdie neiging dryf die sondige mens tot sondige optrede. Omdat hy nie gelukkig is met dit wat God vir hom bestem nie, gaan soek hy sy geluk elders - asof dit elders te vinde is. En omdat hy sy besittings nie sien as iets wat God se eiendom is wat God aan sy sorg toevertou nie, maak hy daarmee wat hy wil.

## Die erns van lotery

Wie geld op watter manier ook al verloot met die gedagte om met min insette baie inkomste te verkry, sê openlik: HERE, ek is nie tevrede met die lot wat U vir my uitgemeet het nie. Hy sê verder: HERE, ek sal met die hulp van die geluksgod 'n beter bedeling vir myself kan uitwerk as wat U vir my bewerk. Hy sê ook: Here, die geld wat ek hiervoor gebruik is myne, my eiendom - dit is nie u eiendom wat U in my sorg plaas nie.

Dink 'n mens aan al hierdie dinge as jy 'onskuldig' R2,50 vir die staatslotery uithaal of 'n R5,00-kaartjie vir die skool se 'wen-'n-bees' kompetisie koop?

Waarskynlik nie. Maar laat ons eerlik wees: Daar is baie verkeerde dinge wat ons onwetend, ondeurdag doen.

By monde van Jesaja hoor ons die Woord van die HERE. Ons word met ons neuse op die feite gedruk sodat ons dit sal weet en nooit weer vergeet nie. Want kyk na die gevolge van lotery. Kyk na die gesig van iemand wat 'n kaartjie krap en niks wen nie. Kyk na die reaksie van die persoon wie se perd nie voorloop nie. Kyk na die uitdrukking in die oë van die mens wat dag en nag voor die dobbelmasjiene sit. Wanneer hy verloor, slaan begeerte om in verslaenheid. Maar by verslaenheid bly dit nie. Die begeerte wen - ons moet weer probeer, een of ander tyd moet die steen reg val.

Die uiteinde? Onbeskryflike leegheid en verlorenheid en sinloosheid.

## Oordeel en seën

Hierdie uiteinde is nie maar net die vanselfsprekende gevolg van uitmergelende lotery nie. Dit is God se regverdige oordeel oor goddelose optrede. Sê die HERE dit dan nie uitdruklik in sy Woord nie? Julle wat my erfdeel wegdobbel, sal honger en dors bly, julle sal skreeu van pyn en huil van hartseer (vers 13).

Wee die volk wat dobbelgek en kompetisie-verslaafd is. Van so 'n wêreld-bevolking is ons deel. Laat ons onbuigsaam vashou aan ons erfdeel in Christus. Dan het ons geen 'ekstra gelukkie' nodig nie, hoe aanloklik dit ook al mag voorkom. Want ons besit in Christus mos alle geluk - vir die huidige en vir die toekomstige bestaan?!

# HULP BY SELFDOOD DEUR DOKTERS

**Dr JM Boon**, Pretoria

Hulp by selfdood deur artse of soos dit dikwels afgekort word as PAS (Engels: Physician assisted suicide), is 'n term wat in die afgelope 20 jaar bekend begin word het in Europa en die VSA. Met die groeiende debat oor genadedood hoor ons nou ook hiervan in Suid-Afrika.

Hulp by selfdood of PAS beteken dat die dokter nie aktief eutanasie of genadedood pleeg nie, maar 'n dodelike middel aan die pasiënt oorhandig of vir hom voorskryf. Daarna neem die pasiënt self die middel in. Die dokter assisteer dus die pasiënt by selfmoord.

In Maart 1996 het 'n Amerikaanse appelhof in Washington die uitspraak gedoen dat 'n terminale volwasse pasiënt 'n konstitusionele reg het om dood te gaan. Die gevolg daarvan is dat verskeie state wetgewing oorweeg ten opsigte van hulp by selfdood deur dokters. Hierdie praktyk is bekend in Nederland (0.3% van alle sterfgevalle in 1995 was as gevolg van hulp by selfdood deur dokters), asook in die staat Oregon in die VSA.

## Menslike outonomiteit

Die rede vir hulp by selfdood deur dokters word gewoonlik verklaar op grond van die outonomie van die pasiënt om te beskik oor sy lewe en dood. Indien die outonomie van die pasiënt die uitgangspunt is, is daar geen beswaar om hulp by selfdood deur dokters goed te keur nie. Dit word dan selfs verpligtend. Die hele gedagte van pasiënt-outonomie vorm die grondslag van die postmoderne denke oor die einde van lewe op aarde. Christen-dokters moet teenoor hierdie gedagte profeteer van God se soewereiniteit, wat 'n limiet plaas op menslike outonomiteit. 'Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes' (Jesaja 55:8).

*dit is die dokter se priesterlike taak om vaardighede te ontwikkel ten einde sy pasiënte in die terminale fase van lewe te versorg*

## Motivering vir hulp by selfdood

Waarom sou pasiënte oorweeg om die dokter se hulp in te roep by selfdood? Dikwels word die rede van pyn tydens die terminale fase van lewe genoem. Hier is egter dikwels 'n meer onderliggende probleem aanwesig. Goeie studies het aangetoon dat slegs een persent van alle pasiënte tydens die terminale fase van lewe erge pyn ervaar, sou die middele wat ons vandag tot ons beskikking het korrek aangewend word. Dikwels is onkunde by die dokter ten opsigte van effektiewe pynverligting die primêre oorsaak. Dit beteken 'n gebrek aan vakkundige vaardigheid om pasiënte by te staan tydens die laaste stadium van hulle lewe. Dit is dan ook nie 'n geheim dat voorgraadse mediese opleiding weinig aandag skenk aan die versorging van pasiënte in die terminale fase nie.

'n Mens kan die terminale fase van lewe met enige ander fase van die lewe vergelyk, soos byvoorbeeld die neonatale fase van lewe. Neonatologie is 'n selfstandige vakgebied wat die versorging van premature baba's bestudeer. Net so is palliatiewe sorg 'n vakgebied wat die versorging van die terminale fase van lewe van 'n pasiënt bestudeer. Dit is veral vir huisartse maar ook bykans enige spesialis noodsaaklik om dit te bestudeer. Trouens dit is die dokter se priesterlike taak om vaardighede te ontwikkel ten einde sy pasiënte in die terminale fase van lewe te versorg.

## Koningswet

As christen-dokters sal ons ook die koningswet moet uitdra in hierdie vraagstuk. Die goeie koningswet wat die lewe wil beskerm. 'Jy mag nie doodslaan nie.' Want ons lewe behoort aan die HERE. 'Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie?' (1 Korintiërs 6:19).

## Ekonomiese dryfveer

Daar is egter 'n ekonomiese dryfveer agter hulp met selfdood deur dokters. Die grootste mediese uitgawes is gewoonlik in die laaste ses maande van 'n mens se lewe. Dit word beraam op meer as 50% van die totale mediese uitgawes in 'n persoon se lewe. 'n Gemiddelde Amerikaner spandeer ongeveer 10 000 dollar aan mediese kostes in die laaste maand van sy lewe. Dit is dan ook nie vreemd dat in 'n sterk ekonomies georiënteerde samelewing aan die einde van die twintigste eeu eutanasie en hulp by selfdood deur dokters 'n plek begin kry, bloot net om kostes te bespaar. Emanuel van die Harvard mediese skool en Battin van die mediese skool van die Universiteit van Utah het uitgewerk wat eutanasie en hulp by selfdood deur dokters die Amerikaanse gesondheidsbegroting kan bespaar. As net 2.7 % van Amerikaanse dokters eutanasie of hulp by selfdood toepas, wat gewoonlik 'n lewensverkorting van een maand tot gevolg het, bring dit 'n besparing van 627 miljoen dollar mee.

## Pasiënt alleen gelaat

Onlangs het die Christian Medical and Dental Society in Amerika in 'n artikel geskryf dat, alhoewel die daad van hulp by selfdood deur artse baie barmhartig voorkom, dit in wese op die verlating of alleen laat van 'n pasiënt neerkom in 'n tyd waarop die pasiënt die grootste nood ervaar. In plaas van beide biomediese en geestelike ondersteuning vind die pasiënt slegs die bevestiging van sy hopelose situasie in sy of haar toestand. Die sogenaamde barmhartigheid waarvan by selfdood gepraat word, is misleidend. 'Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood' (Spreuke 14:12).

## In lewe en in sterwe

Teenoor die toename in steun vir hulp by selfdood mag ons die belydenis van Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus stel. Ek behoort, in lewe en sterwe, nie aan myself nie maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus. Ook in my sterwe. 'Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want u is met my' (Psalm 23:4).

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

## Jeugsorg kontra JV?

Piet van Maarleveld skryf in *Die Kerkblad* van 5 April 2000:

*Watter droewige dag was dit toe die Sinode van 1988 besluit het dat die JV en sy Bonde moet ophou bestaan en dat ons kerke die sorg vir ons jeug moet oorneem. Afgesien van die feit dat die kerk daarmee seggenskap oor 'n ander samelewingsverband gaan uitoefen het, klink hierdie Sinodebesluit nogal Roomserig. En toe begin die gesukkel. Na meer as 10 jaar is jeugsorg nog steeds nie op 'n gesonde en lewendige voet nie. By baie gemeentes is daar nog wel iets van 'n JV, maar dit gaan nie baie goed met hulle nie omdat die leiding, soos deur die Bonde, ontbreek.*

Van Maarleveld verduidelik: *Ek het wel begrip vir die aanleiding tot die Sinodebesluit. Die JV's het nie altyd gefunksioneer soos dit moet nie. Ook was die belangstelling vir die JV onder ons jongmense dikwels flouerig en die lokaas van ontspanning, spel en kampe het belangstelling nie verbeter nie. So is die doel om reëlmatig byeen te kom en God se Woord te bestudeer en dit van toepassing te maak op elke faset van die lewe, skromelik verwaarloos. Maar om 'n bestaande organisasie met 'n gevestigde infrastruktuur voetstoots van die kaart te vee, was baie ondeurdag en myns insiens 'n groot fout.*

Van Maareleveld sit die mes diep in. Tereg. Daar moet inderdaad gewaak word teen die verkerkrading van die kerklike lewe. Alles in die kerk hoef nog nie deur die kerkraad georganiseer te word nie. Daar is ook so-iets soos die amp van gelowige wat in aksie behoort te kom. In die verlede het die Gereformeerde Sustersorganisasies 'n soortgelyke bewind-oorname deur kerkrade ondergaan. Dit het tot gevolg gehad dat sustervergaderings in sommige gemeentes as 'n kommissie van die kerkraad beskou is. Alles wat die susters bedink of besluit, moet eers die goedkeuringstempel van die kerkraad kry. In soverre susters met allerhande verkoop-aksies geld vir die kerkkas kon genereer, is hulle werksaamhede geduld. Aan geestelike groei, onderlinge hulp en liefdesbetoon en gesellige samesyn is daar egter weinig - indien enige - aandag gegee. En toe volg die JV's.

Van Maarleveld gaan in sy artikel gelukkig ook verder as om die vinger op die seer te sit. Hy bepleit die terugkeer van JV's soos volg: *In die JV groepeer jongmense om saam volgens 'n vaste plan lewens- en wêreldbeskoulike vraagstukke te bestudeer deur middel van lesings en besprekings. Die kernwoord daarby is selfwerksaamheid. Die jongmense bestuur self hulle JV's; stel self 'n jaarprogram van onderwerpe op wat die lede self voorberei en op die vergadering voordra; hanteer self die bespreking/diskussie van hierdie lesings.*

*Natuurlik kies die JV's 'n Bondsbestuur (ervare en kundige mense) wat skematiese riglyne oor die aanpak van die lesings verskaf en breedvoeriger handleidings oor 'n verskeidenheid onderwerpe. Die Bond gee ook raad en bystand oor goeie JV-funksionering. Die JV sal selfs sy naaste kerkraad vra om toesig te hou soos ouderlinge toesig hou oor die lidmate van die gemeente.*

*Dis egter die jongmense self wat die JV in stand hou en laat lewe. Jou hartsnare raak suiwer ingestem op die lewende Woord van God, in watter situasie jy ook al beland en met watter denkpatrone jy ook al te doen kry. Jy kan dit beginselvas hanteer, want jy was lid van die JV. Die JV rond die hele vormingsproses (gesin, kerk, jeugsorg, skool) van jou jong lewe af. Opwindend!*

Dit is te hope dat aan die oproep wat van hierdie artikel uitgaan, gehoor gegee word. Binne die geledere van die jeugdeputate word daar skynbaar reeds in hierdie rigting gedink. Die tyd is egter beperk. Oor 'n periode van twaalf jaar het 'n hele geslag jeug opgegroei en volwasse geword wat die rykdom van JV nie ken nie. Lidmate wat tans in hulle dertigs en veertigs is, sal die heilsaamheid van die JV's nog onthou. Dit is noodsaaklik dat hulle dit by hulle kinders - wat nou JV-ouderdom bereik - inprent. Mag die terugkeer van die JV's en die goeie bestuur daarvan lei tot 'n heropbloei van die jeugwerk in die GKSA!

## Die Belharbelydenis

In die rubriek 'Op die Kerkplein', wat in Mei 2000 in *Konteks* - die maandblad van die Nederduitsch Hervormde Kerk - verskyn, word die volgende opmerkings oor die Belharbelydenis gemaak.

Die vyf artikels van Belhar handel almal oor die kerk, of meer bepaald die mensgevormde eenheid daarvan.

> *Die kerk. Wat in artikel 1 oor die kerk gesê word, word reeds in die HK Sondag 21 en die NGB Artikels 8, 9 en 27 baie voortreflik bely. Hierdie artikel is dus volkome oorbodig.*
>
> *Die eenheid van die kerk. In 'n lang artikel 2, sowat twee bladsye lank, word oor die eenheid van die kerk gehandel. Wat aanvaarbaar is, is reeds in die Apostolicum, die HK, die NGB en die DL (hoofstuk 3/4, par. 1,7) bely. Dit is gou duidelik waarom die Heidelberger se eenheid van die ware geloof nie vir Belhar voldoende is nie. Die eenheid van die kerk word behalwe as gawe, deur Belhar ook as opdrag gesien. Maar dan nie as opdrag om die erediens by te woon en so die eenheid te deel nie! Belhar wil die mens 'n medewerker maak omdat God alleen nie oor die eenheid van die kerk beskik nie. Die menslike sigbare eenheid van die kerk word volgens Belhar verhinder 'deur geskeidenheid ... tussen mense en mensegroepe'. Hier kom die politieke ideologie alreeds aan die oppervlak, wat uiteindelik die hele mensdom kan ontdoen van verskillende rasse, kulture, tradisies ensomeer. Hoewel Belhar sê dat 'die sigbare mensgemaakte eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie', word elders in dieselfde artikel 2 gesê: '...dat hierdie eenheid ... op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry'. Let daarop: móét kry! Dit is dwang! Die saak word so dwingend gesien dat gesê word: '...die natuurlike verskeidenheid óf die gedwonge geskeidenheid ... wat lei tot 'n aparte kerkformasie ... is sonde'.*
>
> *Roeping van die kerk. Hier is nie sprake van Woord- en sakramentbediening nie, maar 'om die boodskap van versoening uit te dra deur die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees ... en getuies van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon'.*

*Bevrydingstryd van die kerk. As daar nog kerninhoude in die eerste drie artikels is wat met ons ander belydenisskrifte in ooreenstemming is, kom ons by artikel 4 se tweede deel by iets totaal onaanvaarbaar. In die tweede deel van artikel 4 word die kerk opgeroep om God na te volg deur op 'n besondere wyse die kerk van die noodlydende, die arme en die verontregte te wees. Die kerk 'sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid'. Hiermee is dit volledig duidelik dat die taal en teologie van die bevrydingsteologie die oorhand neem. Selfs WD Jonker van die NG Kerk sê dat die 'mees kontroversiële uitspraak in die belydenis is die stelling dat God in 'n besondere sin "die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy sy kerk oproep om Hom hierin te volg". ... God is immers die God van die ryk Abram, Dawid, Salomo, Elisa, die Sunemmitiese gesin, Job, en so vele meer rykes in die Ou Testament; en van Maria, die moeder van Johannes Markus, Filemon, Gajus, Matteus alias Levi, Josef van Arimatea en so vele ander rykes in die Nuwe Testament; en van armes. God is vir óns (Rom. 8:31).' Die verlossingsbegrip in Belhar is dus ook bederf deur die teologie van bevryding.*

*Artikel 5 van Belhar is oorbodig en niksbyseggend, want dit is vanselfsprekend dat die kerk gehoorsaam moet wees aan die Woord van God en getrou aan die belydenis - maar dan moet dit nie mensewoorde wees nie.*

Uit die kort bespreking word dit duidelik dat die klepel nie die Belhar-klok suiwer laat lui nie. Inteendeel. Wat die saak vererger, is dat die gesprek oor kerkeenheid in die NG Kerke deur hierdie punt op die spits gedryf word. Die VGKSA (Verenigde Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika) dring aan op aanvaarding van Belhar, alvorens daar verdere gesprek oor kerkeenheid kan wees. Die (blanke) NG Kerk het tydens sy Sinode van Oktober 1998 egter besluit dat Belhar nie aanvaar kan word nie. Dit is volgens dié sinode onmoontlik om die belydenis van Belhar as gelykstaande aan die ander drie belydenisskrifte van die NG Kerkfamilie te aanvaar. Waarop gaan die gesprekke uitloop? Wie gaan toegee? Dit is 'n oop vraag: nie net vir die NG Kerk nie, maar ook vir die GKSA. Want in talle opsigte word daar met die NG Kerk saamgepraat en saamgewerk.

## Die Tussen Kerklike Kommissie (TKK)

Dr Johann le Roux berig soos volg oor die werksaamhede van die TKK (*Die Kerkblad*, 5 April 2000):

Die TKK is die forum waar afgevaardigdes van die NG Kerk, Hervormde Kerk van Afrika en die GKSA met mekaar gesprek voer. Die gesprek val uiteen in drie dimensies:

*Krities-opbouende gesprek - Die doel van hierdie dimensie van die samesprekings is om verskille tussen die kerke aan die orde te stel. 'n Standpuntstelling oor 'n spesiefieke saak word deur 'n verteenwoordiger van elk van die deelnemende kerke gedoen. Bespreking volg waarin die saak waaroor verskil word, uitgepluis word, verskille duidelik gedefinieer word en gepoog word om mekaar te vind of dan ooreen te kom dat die verskil oor die betrokke saak nog nie opgeklaar kon word nie.*

*Samewerking - Terreine van gemeenskaplike belang waar samewerking binne die verskeidenheid van denkrigting kan plaasvind, word geïdentifiseer. Planne van aksie word daargestel.*

*Getuienistaak - Die kerk van die Here het 'n profetiese roeping in die samelewing waarbinne ons funksioneer. Die TKK identifiseer sake waaroor gesamentlik in die gemeenskap en byvoorbeeld teenoor die owerheid getuienis gelewer kan word.*

Dr le Roux maak die volgende slotopmerking: *Die gesprek in die TKK is vir baie jare al aan die gang. Soms word vrae gestel oor die verdere sinvolheid daarvan. Die styl het oor die laaste aantal jare ietwat verander. Gesprekke konsentreer nou nie net meer op verskille nie, maar ook op ooreenkomste en terreine van samewerking. Die TKK gee erkenning daaraan dat strukturele eenheid nie in die afsienbare toekoms kan realiseer nie. Dit mag egter nie in die weg staan van samewerking en gemeenskaplike getuienislewering nie.*

Sonder om die motiewe en goeie bedoelings van die betrokkenes by die TKK enigsins te bevraagteken, moet die volgende gestel word: Wat het die krities-opbouende gesprekke tussen die kerke tot dusver opgelewer? Sover uit kerklike publikasies afgelei kan word, wil dit vóórkom of die verskilpunte eerder toeneem as verminder. Hierbo word verwys na die Belharbelydenis wat 'n klip in die bos van die NG Kerk is. Dit is ook 'n klip in die TKK-bos. Om nie te praat van baie ander rotse nie, onder andere die invoer van kindernagmaal en die ingrypende verandering van die liturgie. Die vraag is dus dwingend: Lei krities-opbouende gesprekke na 'n punt van ooreenkoms, of word die verskille steeds meer en groter? Indien dit so is, tot watter mate kan daar nog sprake van samewerking en gesamentlike getuienislewering wees?